

Hoofstuk van die dag: 1 Petrus 3

Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus. (vers 21)

Ongelooflik. Hier staan dat die doop ons red! Dit is tog nie hoe ons dit geleer het om oor die doop te dink nie. Dit is immers nie die doop wat ons red nie; dit is die Here Jesus.
Vir Petrus se hewig vervolgde lesers was geloof ’n saak van lewe en dood. Dit laat Petrus dink aan Noag. Hy het feitlik man-alleen gestaan te midde van ’n wêreld van ongeloof. In hierdie omstandighede bou Noag die ark. Toe die stormwaters kom, gaan Noag en sy huis in die ark in en vertrou hulleself volledig aan God toe in die bede dat Hy hulle sal laat leef terwyl die watermassa van God se oordeel die goddeloses uitdelg.
So, sê Petrus, is dit vandag nog. Die doop is ’n gebed van iemand wat weet dat hyself nie verder kan nie, en God se hulp nodig het. Die doop is iets waaraan ons kan vashou in ons diepste nood, in die ergste versoeking, omdat God gedoopte mense vashou en bewaar en red.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026